

9
A.

MICHAEL BENJAMIN COETZEE

K/MAN

28 JAAR

VERKLAAR:

- i. Gedurende Juniemand 1985 was ek 'n lid van die Gelvandale Youth Movement.
2. Die Gelvandale Youth Movement is 'n affiliaal van die United Democratic Front.
3. Ek kan nie presies die datum en tyd onthou nie, maar dit was die 26ste Junie 1985 of die 27ste Junie 1985, het Derrick Swarts my geskakel en my meegedeel dat Matthews Goniwe na Port Elizabeth kom. Derrick het nie vir my gesê of daar enige ander persone saam met Goniwe na Port Elizabeth kom nie.
4. Ek kan nie onthou of Derrick my by die huis of by die werk geskakel het nie.
5. Derrick het toe hy my geskakel het, gevra of Matthews my huis kan gebruik vir 'n vergadering. Ek het toe ingestem. Dit was die eerste keer dat Matthews my huis wou gebruik vir 'n vergadering. Derrick Swarts moes aan Matthews verduidelik waar ek woon, aangesien Matthews nog nooit by my huis was nie. Derrick het toe hy my geskakel het, meegedeel dat Goniwe vroegaand by my huis sal wees en nie van 'n spesifieke tyd gepraat nie.
6. Derrick Swarts het my meegedeel dat Matthews Goniwe nie die vergadering by die U.D.F. kantore wou hou nie aangesien Rev. Maqina vir Fazzie-hulle gedurende 1985 by die U.D.F. kantore gedreig het terwyl hulle 'n bestuursvergadering gehad het. Volgens Derrick Swarts was ene Fazzie teenwoordig wie die onder-president van die U.D.F. was.
7. Rev. Maqina het vir Fazzie gedreig aangesien sy huis met 'n handgranaat beskadig was.
8. Gedurende Junie 1985 was die konflik die hoogste tussen die Azapo party van Rev. Maqina en die U.D.F. Die verskil tussen die U.D.F. en Azapo was die ideologiese magstryd.
9. Ek weet dat van die U.D.F. persone van die Azapo party "genecklace" het en ook die Azapo party se lede se huise afgebrand het.
10. Die Azapo lede het ook weer op sy beurt die U.D.F. lede "genecklace" en ook hul huise afgebrand.
- ii. Op 85/06/27 om ongeveer 17h00 het ek by my huis aangekon, nadat ek klaar gewerk het.

12. My moeder was by die huis gevrees met my aankoms by die huis. My broer en suster was ook by die huis, ek kan egter nie onthou hoe laat hulle by die huis gekom het nie.

13. Op genoemde datum om ongeveer 18h00 het Matthews Gonive, Fort Calata, Sparrow Mkoto en Sicelo Mhaulti by my huis aangekom. Al vier die persone was nuger gewees.

14. Ek het die vier persone toe binne genooi en saam met hulle in die eetkamer gaan sit.

15. Ek het in die algemeen oor politiek met Matthews-hulle gepraat en gewag dat Derrick Swarts moes opdaag, want hy het toe my geskakel het, gesê dat hy ook na my huis gaan kom, om Matthews-hulle te spreek. Derrick Swarts het my onder die indruk gebring dat toe hy my geskakel het, dat hulle nie 'n vergadering wil hou nou, maar my huis net gebruik as 'n afspraakplek.

16. Derrick het ongeveer 19h00 by my huis opgedaag.

17. Derrick en Matthews het toe in die eetkamer gaan sit, terwyl ek die gesprek met Matthews se drie vriende voortgesit het. Ek weet nie waaroor Matthews en Derrick gepraat het nie.

18. Daar was geen sterk drank by my huis gebruik nie.

19. Ek het om 19h40 my huis verlaat aangesien ek om 20h00 by Morawiese Kerk moes wees om te oefen vir 'n troue van Winston Scheepers waar ek as strooijonker moes optree.

20. Ek het eers by Donovan Nodison se huis te Kobusweg aangegaan, want hy was ook deel van die persone wat moes optree by die troue. Donovan het saam met my geloop tot by die kerk.

21. Ek het ongefeer 21h15 by my huis aangekom, toe was Matthews en sy vriende asook Derrick Swarts reeds weg.

22. Ek het my moeder gevra hoe laat Matthews gery het, sy het my toe meegedeel dat Matthews-hulle en Derrick Swarts ongeveer 21h00 gery het.

23. Toe ek na die kerk is saam met Donovan, het ons geloop want die kerk is baie naby my huis geleë.

24. Ek weet van geen dreigbriewe of telefoonoproeppe waar Matthews en sy vriende gedreig is nie.

25. Die aand toe Matthews en sy vriende asook Derrick Swarts by my huis was, was daar geen vergadering gewees nie, geen notule was gehou nie, dit was net 'n bespreking.

26. Volgens my was die Azapo party net 'n politieke opposisie vir die U.D.F. in die swart woonbuurte.

27. Ek was al op twee geleenthede (1985) by Matthews se huis te Cradock, het om hom te groet.

28. Op 85/06/28 het Fazzie my gedurende dieoggend geskakel by die werk en gevra waar is Matthews-hulle. Ek het toe vir hom gesê dat hulle om ongeveer 21h00 op 85/06/27 gery het van my huis. Ek weet van geen persone wie vir Goniwe-hulle kon doodgemaak het nie.

29. Die aand toe ek my huis verlaat het na die kerk, het ek geen verdagte persone of motors gesien nie.

30. Die tydperk tussen dié voor Matthews se dood en voor sy begrafnis het my moeder 'n telefoonoproep by my huis ontvang van 'n swartman wat Engels gepraat het en gesê het dat "hulle vir my en Derrick Swarts gaan kry".

31. Na die begrafnis, ek kan nie die datum onthou nie, het iemand weer my moeder geskakel en volgens haar was dit 'n blanke man wat ook gesê het dat hulle my gaan kry.

32. Van my familie wat ook te Kemdrickstraat woon, het my ook meegedeel dat 'n swartman hul huis geskakel het, dit was gedurende 1986, en gesê het dat hulle my gaan kry.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit. Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie. Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend vir my gewete.

PORt ELIZABETH

1988/02/16

08h45

(GET) M.B. COETZEE

Ek sertifiseer dat bostaande verklaring deur my afgeneem is en dat die verklaarer erken dat hy vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is voor my beëdig en verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring te Port Elizabeth op 1988/02/16 om 08h45.

(GET) S/A/O STEFANUS JOHANNES ELS W69962H
KOMMISSARIS VAN EDE
MOORD EN ROOFTAK
LOUIS LE GRANGE PLEIN - 7DE VLOER
LENOXSTRAAT 1 - 9
PORT ELIZABETH
S/A/OFFISIER : S.A. POLISIE

MI